sassa
SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

WAT IS HIERDIE SPESIALE COVID-19 MAATSKAPLIKE NOODVERLIGTINGSTOELAAG?

- ✓ Die rede vir hierdie toelaag is om mense wat hoegenaamd geen inkomste kry nie, en veral mense wat deur die inperkingstydperk gedwing is om hul bron van inkomste te verloor, te ondersteun met ‘n toelaag.
- ✓ Dit is beslis nie ‘n aanvullende inkomste vir ‘n reeds bestaande inkomste nie.

HOE KWALIFISEER JY VIR DIE SPESIALE COVID-19 MAATSKAPLIKE NOODVERLIGTINGSTOELAAG?

sassa
SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

Aansoekers moet:

- ✓ Suid-Afrikaanse landsburgers, permanente inwoners of vlugtelinge wees wat by Binnelandse Sake geregistreer is.
- ✓ Woonagtig wees binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika;
- ✓ Ouer as 18 wees;
- ✓ Werkloos wees;
- ✓ Geen inkomste ontvang nie;
- ✓ Absoluut geen maatskaplike toelaag ontvang nie;
- ✓ Geen werkloosheidversekeringsvoordeel ontvang nie en nie kwalifiseer vir enige werkloosheidversekeringsvoordeel nie;
- ✓ Geen toelaag ontvang van die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente nie;
- ✓ Geen ander regeringsondersteuning ontvang weens COVID-19 nie; en
- ✓ Nie woonagtig wees in ‘n regeringsbefondse of ‘n -gesubsidieerde instelling nie.

#SASSACARES
#KeepSouthAfricaHealthy

Toll free: 0800 60 10 11
www.sassa.gov.za
SASSA News @OfficialSASSA

paying the right social grant, to the right person, at the right time and place. NJALO!

social development
Department: Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDA National Development Agency

2030 NDP

STAY HOME SAVE SOUTH AFRICA

HOE DOEN JY AANSOEK VIR DIE SPESIALE COVID-19 MAATSKAPLIKE NOODVERLIGTINGSTOELAAG?

sassa
SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

Aansoeke vir die Spesiale COVID-19 Noodverligtingstoelaag kan **net elektronies** gedoen word. MOENIE SASSA-KANTORE BESOEK OM VIR HIERDIE TOELAAG AANSOEK TE DOEN NIE. As jy hulp benodig met jou aansoek, sal SASSA-personeel en aangestelde vrywilligers kan help.

- ✓ Geen papiergebaseerde aansoeke sal aanvaar word nie.
- ✓ Ons ontvang aansoeke deur die volgende kanale:
  - WhatsApp-nommer: **082 046 8553**
  - OADD-nommer (USSD Number): ***134*7737#**
  - E-pos: **srd@sassa.gov.za**
  - ISR-inbelsentrum (Call centre IVR): **0800 60 10 11**
  - Webwerf: **https://srd.sassa.gov.za**
- ✓ Jy sal jou betaling ontvang deur jou voorkeurkanaal.
- ✓ Landsburgers sonder bankrekeninge kan ook aansoek doen. In sulke gevalle sal betalings gemaak word deur middel van ‘n geldoordrag sodra al die nodige geldigheidsbevestigings afgehandel is.
- ✓ Sodra aansoeke goedgekeur is, sal SASSA ‘n bevestiging van ‘n bankrekening versoek deur gebruik te maak van ‘n veilige webwerf – dit sal ook elektronies gedoen word.
- ✓ Enige aansoeker het die reg om bevestiging te versoek om seker te maak dat hierdie toelaag wel ‘n SASSA-versoek is om sodoende hulself te beskerm.
- ✓ **AANSOEKE IS GRATIS**: Dit kos niks om aansoek te doen nie – aansoekers word gemaan om nie “aansoekvorms” te koop nie – sulke vorms is vervals en sal nie geprosesseer word nie.

#SASSACARES
#KeepSouthAfricaHealthy

Toll free: 0800 60 10 11
www.sassa.gov.za
SASSA News @OfficialSASSA

paying the right social grant, to the right person, at the right time and place. NJALO!

social development
Department: Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDA National Development Agency

2030 NDP

STAY HOME SAVE SOUTH AFRICA

sassa
SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

WAT IS DIE BEDRAG EN VIR HOE LANK SAL DIE SPESIALE COVID-19 MAATSKAPLIKE NOODVERLIGTINGSTOELAAG BETAAL WORD?

- ✓ Die Spesiale COVID-19 Maatskaplike Noodverligtingstoelaag is R350 per maand en geldig vanaf die dag waarop dit goedgekeur is.
- ✓ Die toelaag sal slegs betaal word van Mei tot en met Oktober 2020. Indien aansoekers eers in Julie 2020 aansoek doen en suksesvol is, sal hulle betaal word vanaf die maand waarin hul aansoek gedoen het en hul aansoek goedgekeur is – **daar is geen terugwerkende betalings nie**.

#SASSACARES
#KeepSouthAfricaHealthy

Toll free: 0800 60 10 11
www.sassa.gov.za
SASSA News @OfficialSASSA

paying the right social grant, to the right person, at the right time and place. NJALO!

social development
Department: Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDA National Development Agency

2030 NDP

STAY HOME SAVE SOUTH AFRICA

sassa
SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

WATTER ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE WORD BENODIG OM AANSOEK TE DOEN VIR DIE SPESIALE COVID-19 MAATSKAPLIKE NOODVERLIGTINGSTOELAAG?

- ✓ Jy moet net jou woonadres op jou aansoekvorm voorsien.
- ✓ SASSA benodig nie enige geskandeerde ondersteunende dokumente soos jou ID, bewys van adres of bankstate nie.

sassa
SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

STAWING VAN ‘N AANSOEK OM DIE SPESIALE COVID-19 MAATSKAPLIKE NOODVERLIGTINGSTOELAAG

- ✓ Deur aansoek te doen, gee aansoekers SASSA toestemming om hul finansiële en ander inligting te staaf in oorleg met regerings- en finansiële instellings se databronne – insluitende die SA Inkomstedienste en banke.
- ✓ Die voorsiening van vals inligting in ‘n poging om vir die toelaag te kwalifiseer, is ‘n oortreding en sal tot vervolging lei.

sassa
SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

AANSOEKERS SE VERANTWOORDELIKHEID

- ✓ Aansoekers word gemaan om nie hul bankbesonderhede aan enigiemand te gee nie.
- ✓ SASSA sal slegs bankinligting aanvra NADAT die aansoek goedgekeur is.
- ✓ Alle begunstigdes en aansoekers moet NOOIT hul PIN- of CVV-nommer op die agterkant van hul bankkaart aan enigiemand gee nie.